
# Driedubbele moord by Byenes: Steeds geen inhegtenisnemings

9 uur.

Marietjie Gericke

NETWERK24







Die vermoorde egpaar, Janine (35) en Christo Theron (36). Foto: Facebook

Die moordenaars van drie mense by die Byenes-dagsorgsentrum in Wilgehof, Bloemfontein, is 'n jaar ná die grusame moorde nog nie in hegtenis geneem nie, "maar verdagtes is geïdentifiseer, terwyl ook nog op forensiese verslae en art. 205-aansoeke se uitslae gewag word".

So sê Antoinette Coetzer, ondersoeker van Mike Bolhuis se Specialised Security Services, wat die polisie bystaan om die moordenaars van Betsie Kruger (65), Christo (36) en Janine Theron (35) op te spoor.



“Ons het twee verdagtes geïdentifiseer, maar ons manier van identifikasie kan nie in ’n hof gebruik word nie. Dit is ook dieselfde twee wat die polisie geïdentifiseer het, maar daar was meer by die moorde betrokke,” sê sy.

Die polisie moet die bewyse verskaf wat vir die hof bruikbaar sal wees, sê Coetzer.

Kapt. Loraine Earle, woordvoerder van die polisie in die Vrystaat, het ook bevestig dat nog geen inhegtenisnemings in verband met die driedubbele moord op 29 Junie 2023 gemaak is nie.

“Die polisie gaan steeds voort met die ondersoek, wat in ’n sensitiewe en gevorderde stadium is.”

Die drie slagoffers se verminkte lyke is in ’n slaapkamer van die Byenes-dagsorgsentrum in Van Heerdenstraat 2 aangetref. Dit was ook die woonhuis van Kruger, wat haar lewe lank kleuters by die dagsorgsentrum opgepas het.

Kruger het in die tyd toe die moorde gepleeg is sowat 60 kleuters by die Byenes-dagsorgsentrum versorg, is voorheen deur Netwerk24 berig.




Die Byenes-dagsorgsentrum in Wilgehof, Bloemfontein, wat sedert die drie grusame moorde intussen tot niet is. Foto: Facebook

Die Woensdagaand, 28 Junie 2023 – die einde van die maand toe ouers hul skoolgelde vir hul kinders moes betaal – het ouers die aand om 23:07 ’n boodskap op WhatsApp gekry wat glo van Janine of Bets sou gekom en van een van hulle se selfone gestuur is. Die boodskap het gelui: “Hy everyone sorry for disturbing you . . .Tommorow no sochool until i get back to you.”

In die boodskap is talle spelfoute, soos gesien kan word op die foto.

Diegene wat Kruger en Theron geken het, het bygevoeg dat Bets en Janine nie gewoonlik met die ma's van die kinders in Engels sou gekommunikeer het nie.




Die WhatsApp-boodskap in swak Engels wat die ouers van die 60 kleuters by die Byenes-dagsorgsentrum die aand van die moorde om 23:07 gekry het, waarin gesê word dat hulle nie hul kinders die volgende dag na die kleuterskool moet bring nie. Foto: Verskaf

Netwerk24 het voorheen berig die kamer waar die lyke die oggend van 29 Junie ontdek is, was erg deurmekaargekrap met klere wat uit laaie gepluk en op die bed gegooi is.

Die verminkte lyke van die Theron-egpaar het aan die een kant van die bed gelê, en Kruger se lyk, wat met 'n ketting vasgebind was, aan die ander kant.

Die televisie was steeds aangeskakel en in die kamer langsaan het Aletta Becker (91), Kruger se ma wat 'n demensielyer is, ongestoord in haar bed gelê.

Sy het berading ontvang en is dieselfde dag uit die hospitaal ontslaan.

Netwerk24 het voorheen berig die vermoede is dat die moorde reeds die vorige aand gepleeg is toe die gesin vir aandete wou aansit, met kos wat op die stoof gereed gestaan het en die tafel wat gedek was.

'n Gebreekte bord het op die vloer gelê en daar was bloed by die yskas.

Die televisie in die sitkamer was ook aangeskakel.

Charles Truter van Vrystaat Landbou-produkte, waar Christo gewerk het, het die oggend 'n vriend, die oudpolisieman Ben Meintjes, na die huis gestuur toe Christo nie vir werk opgedaag het nie. Dit is toe dat die huis oopgebreek en die lyke ontdek is.

Dit is onder die toesig van die polisie gedoen, wat ook by die huis was tesame met verteenwoordigers van 'n sekerheidsmaatskappy.

Van die werkers van Kruger het toe ook reeds vir werk opgedaag en het geskok buite die huis rondgestaan.

• Earle sê enigiemand met inligting kan die ondersoekbeampte, AO Jacques Wilson, by 082 455 5968 bel.



Die drie vermoordes en Aletta Becker (91, voor links), wat ook in die huis was, maar oorleef het. Langs haar sit haar dogter, Betsie Kruger (65). Agter staan Betsie se dogter, Janine Theron (35), en haar man, Christo Theron (36). Foto: Facebook


VERWANTE ARTIKELS



**Moord op 3 by dagsorgsentrum in Bloem bly 'n kopkrapper**



**'Misc Man hanc**